

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 40 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN		
Beantwoord slegs EEN vraag.		
VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	35	4
2. <i>Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom</i>	35	8
3. <i>Meeulanders</i>	35	12
4. <i>Lien se Lankstaanskoene</i>	35	16
AFDELING B: DRAMA		
Beantwoord slegs EEN vraag.		
5. <i>Poppie – Die Drama</i>	35	20
6. <i>Paljas</i>	35	24
7. <i>Fiela se kind – Die Drama</i>	35	28
AFDELING C: KORTVERHALE		
Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.		
8.1 "Two-step in die Moederstad"	17	33
EN		
8.2 " 'n Hulpelose Samaritaan"	18	35
AFDELING D: GEDIGTE		
Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.		
9.1 " Die heks van Hexrivier"	17	37
EN		
9.2 " Hanswors"	18	39

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidaat moet nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik, kontras, ooreenkoms, verskil, verband, ironie of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant korrek gestel word, bv. verskil in karakters en leerder dui een karakter se eienskap korrek aan, maar by tweede karakter verkeerde logiese verskil, verdien leerder slegs een punt en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim of onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met kolpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: KRINGE IN 'n BOS – Dalene Matthee**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	grootvoete/dik bene/onse voorouers (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.1.2	veertien/14	1
1.1.3	gal	1
1.1.4	Knysna/die dorp (Enige EEN)	1
1.2	MacDonald het hom ... <ul style="list-style-type: none"> • met goodfors/goedere betaal. • in die skuld gehou (omdat hy nie wou betaal wat die hout eintlik werd is nie). • nog steeds vir sy vrou se kis laat betaal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.3	Saul het ... <ul style="list-style-type: none"> • kans gekry om in die dorp te werk waar hy uitgevind het van die goud in die Bos. • baie geld gemaak uit die goud wat hy gedelf het. • geleer hoe om meubels te maak wat vir hom 'n inkomste kon bring. • die geleentheid gekry om 'n erf te koop sodat hy hout by die Bosmense kan koop. • bekend gestaan as 'n ryk man in Knysna se sosiale kringe. • betaling gekry vir sy harde werk deur later sy eie besigheid te besit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.4.1	B/... het Saul as tiener al daarvan bewus gemaak dat die Bos deur oorbenuiting vernietig kan word.	1
1.4.2	D/... het Saul Engels leer lees en praat.	1
1.4.3	A/... het Saul leer meubels maak.	1
1.4.4	E/... het geglo dat Oupoot nooit vir Saul sou uitgekies het as hy 'n verraaier was nie.	1
1.5	Saul sou ... <ul style="list-style-type: none"> • nie weer teruggekom het Bos toe nie. • met die Pictor weggevaar het. • nie weer vir Kate gesien het nie. • nie kon vrede maak met sy broer/Jozef nie. • nie 'n besigheid in die Bos/Knysna kon oopmaak nie. • nie kon afskeid neem van Oupoot nie. 	1

	<ul style="list-style-type: none"> nie die Bosmense kon help nie. 	
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
	<ul style="list-style-type: none"> nie gesien het hoe die Bos vernietig was nie. nie die bosmense (Martiens Botha) se vergifnis kon beleef nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	
1.6	A/hy kon nie dat iemand anders vir Oupoot skiet nie.	1
1.7.1	vergelyking	1
1.7.2	<p>Sanna ...</p> <ul style="list-style-type: none"> was bang dat dit wat gebeur nie waar is nie. kon nie glo dat Saul geld gehad het/vir haar aangebied het nie. was bang dat sy nie die bontgoed, koffie en ander goed waarvan hy gepraat het, kon koop nie. was 'n eenvoudige Bosvrou wat nie kon glo dat so iets met haar sou kon gebeur nie. was soos alle Bosmense wat dit, wat nuut of onbekend was, wantrou het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.8	<p>Dit pas, want die Bosmense het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> niks versorg nie/die grafte net toegegooi. nie duur items/geld besit om die grafte mee te versier nie/het gebruik wat hulle gehad het om blomme op die graf te sit/die blomme van die Bos gebruik om op die grafte te sit. geen uitkenning/grafstene by die grafte gehad nie/se grafte was eenvoudig (want die meeste van hulle kon nie lees/skryf nie/het nie geboortedatums van die oorledenes geken nie). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.9.1	woede oor	1
1.9.2	<p>Die Bosmense het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> hom onregverdig behandel. etikette om sy nek gehang wat nie regverdig was nie. hom nie kans gegee om sy kant van die saak te stel nie. geglo dat hy sleg/'n verraaier was, wat hy nie was nie. geglo hy en Oupoot was verantwoordelik vir baie verkeerde dinge in die Bos waaraan hulle nie skuldig was nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.9.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.9.2 te verdien.) 	1
1.10	<p>Saul stel 'n voorbeeld van ...</p> <ul style="list-style-type: none"> vergifnis/vergewe en vergeet. omgee vir die Bos/die Bosmense. iemand wie se skuldgevoelens te sterk begin raak het en iets daaromtrent wou doen/dit beter maak. iemand wat 'n positiewe verskil kan maak oor die skuldgevoelens wat 	1

	hy beleef het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.11	<ul style="list-style-type: none"> Saul het Patterson Bos toe geneem. Arend het gesterf nadat hy in 'n perdeskoen getrap het. MacDonald het vir Kate weggestuur Kaap toe. Saul het jare lank goud gedelf. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)	1 1 1 1
1.12.1	By Saul se skuiling in die Bos (waar hy gedelf het)./In die Bos.	1
1.12.2	<ul style="list-style-type: none"> Toe Saul vir MacDonald/Kate se pa gewerk het. Toe Saul in MacDonald se skuur gebly het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.13	B/die delwers geleer het om nie skade in die Bos aan te rig nie.	1
1.14	<ul style="list-style-type: none"> Saul het sy besluit (oor weggaan uit die Bos) geneem. Saul het vrede gemaak met sy besluit/met die wete dat hy nie alleen die Bos kan red nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.15	Die skrywer slaag daarin deur Kate ... <ul style="list-style-type: none"> se herhaling van " – jy hoort in die Bos. By die Bos" se waarskuwings dat Saul se besluit om weg te hardloop hom later gaan inhaal. se verwysing na sy verlange na die Bos in die tyd toe hy in die dorp gebly het/by MacDonald gewerk het. se vermoë om hom te laat praat oor die Bos/om hom geleentheid te gee om oor sy hartseer oor die Bos te praat. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.16.1	vriendskap	1
1.16.2	Kate kon ... <ul style="list-style-type: none"> reguit met hom praat/vir hom presies sê wat sy dink. die harde waarheid met hom deel. hom oortuig om sy besluite te heroorweeg. hom herinner aan sy liefde vir die Bos en sy mense. rustig langs hom sit om oor die sake te praat. haar vrese met hom deel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.16.2 te verdien.) <p>OF</p> Saul ... <ul style="list-style-type: none"> het met Kate gesels oor sy innerlike gevoelens/bekommernisse/vrese/moedeloosheid. noem haar "my liewe Kate". (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.16.2 te verdien.)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.17	<p>Kate het toe sy die eerste keer met Saul oor die Bos gepraat het, geglo dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • alles daar idillies is. • olifante geen gevaar vir mense ingehou het nie/daar nie werklik olifante in die Bos was nie. • die Bosmense soos die dorpsmense geleef het. • dit 'n mooi, vriendelike plek was. • Bosmense nie kon praat nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>Kate het nou gewee dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die Bosmense regtig die Bos uitgeroei het. • olifante gevaarlike diere was. • die Bosmense 'n sukkelbestaan gevoer het/bygelowig was. • vreemdelinge nie welkom in die Bos was nie/nie vriendelik ontvang was nie. • die Bosmense moeilike lewens gehad het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.18	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • nie die tyd saam met Kate deurgebring het nie. • na Kate geluister het en my planne verander het. • Kate toegelaat het om my te oortuig van my liefde vir die Bos. • besef het dat ek lief was vir Kate en moes bly ter wille van haar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.19.1	<p>Saul ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • kon van die dinge van die Bos leer. • se ma het hom leer lees en skryf. • en Jozef kon dinge saam gedoen het. • het nie gewee van die vooroordele van die dorpsmense nie/was beskerm teen die wreedheid van die dorpsmense. • en sy familie het in vrede saamgeleef. • kon bewondering vir sy pa en ma hê oor alles wat hulle kon doen en hom leer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.19.2	<p>Saul het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • besluit dat hy nie 'n pad gaan loop wat nêrens uitkom nie. • besluit dat hy uit die skewe sirkel gaan uitkom. • besluit dat hy 'n suksesvolle lewe buite die Bos vir homself gaan skep. • gewee hoe om die Bosmense te help omdat hy hulle verstaan het/gewee het hoe hulle dink. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.20	<p>Ek het geleer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> jou planne nie altyd uitwerk soos wat jy dink nie. die wêreld klaar 'n plan vir jou het. mense/situasies soms jou besluite beïnvloed/verander. jou familie se behoeftes jou eie besluite verander. as jy eers 'n liefde vir die Bos het, jy nie daarvan kan ontsnap nie. harde werk beloon sal word. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
		[35]

VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –
Marita van der Vyver

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.1	Gavin	1
2.1.2	hoekom/hoetom (Enige EEN)	1
2.1.3	proefbuisbaba/baba van 'n proefbuispa (Enige EEN)	1
2.1.4	vyftiende	1
2.2	<ul style="list-style-type: none"> Sy het gevoel dat hy die beste man vir Mana was./Hy was goed vir Mana/die kinders/het Mana se kinders (Hanna/Tibo) aanvaar. Hy was die beste man wat Mana nog ooit gehad het. Hy het Hanna ondersteun met haar skryfwerk/verstaan. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.3.1	(In die huis/leefarea/sitkamer) op die berg/Botterberg/Beyers se vriend se huis. (Enige EEN)	1
2.3.2	Margot/Beyers se vorige vrou/Yann en Amos se ma. (Enige EEN)	1
2.4	B/nog net gehoor het wat 'n moeilike mens sy kan wees.	1
2.5.1	vergelyking	1
2.5.2	<ul style="list-style-type: none"> Beyers lyk ouer as Margot./Margot lyk jonger as Beyers. Dit wys dat Beyers die verantwoordelikhede het wat hom ouer laat lyk, terwyl sy 'n sorgelose lewe in Amerika geleef het. Dit wys vir ons hoe verskillend Margot en Beyers werklik is. Dit beklemtoon dat Margot 'n baie ander leefstyl as Beyers het/beter na haarself kyk/bang was om oud te word. Dit is 'n fisiese uitbeelding van hoekom Beyers en Margot se huwelik nie gehou het nie. Dit beklemtoon Margot se oppervlakkigheid teenoor Beyers se 	1

	egtheid/opregtheid. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.6.1	D/... het haar nie in tradisionele rolle ingedwing nie.	1
2.6.2	C/... het haar die waarde van groot gesinne laat raaksien.	1
2.6.3	E/... het haar die geleentheid gegee om uit haar daaglikse lewe te ontsnap.	1
2.6.4	A/... het haar aangemoedig om haar skryftalent uit te leef.	1
2.7	Die koningin/Margot het ... <ul style="list-style-type: none"> • vir Yann gevra hoeveel harte hy al gebreek het/daarop gesinspeel dat Yann 'n hartebreker was. • gesê Yann en Tibo was die hartebrekers, nie Tibo en Amos nie. • nie vir Amos enige kompliment gegee nie/by die motor met hom gepraat. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.8.1	sarkasties	1
2.8.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is hoe Hanna op hierdie stadium oor haar gesin gevoel het. • Voorbeelde kan gegee word, bv. Tibo en Amos is net irriterende kinders wat in haar goed krap./Yann doen niks anders as musiek luister nie./Mana gee slegs om oor kuns./Hanna ag haarself beter as haar gesin./Hanna het gevoel die mense in haar gesin is nie baie slim nie. • Niks in haar gesin was vir haar goed genoeg nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.8.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.8.2 te verdien.)	1
2.9	Mana het ... <ul style="list-style-type: none"> • verstaan dat daar nie 'n ander tyd was vir Margot en Gavin om hulle kinders te kan sien nie. • ten spyte van moeilike omstandighede probeer om die familie bymekaar te hou/dinge saam te laat doen. • nie toegelaat dat haar eie idees/gevoelens die familie se tyd saam beïnvloed nie. • altyd die beste van 'n slegte situasie probeer maak. • probeer om almal gelukkig te hou/gemaklik te maak/te leer om verdraagsaam te wees. • geweet dat Hanna 'n maat/Sharon nodig het tydens die vakansie. • my gewys dat ek vriendelik moet wees met enige gaste wat opdaag. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.10	<ul style="list-style-type: none"> • Die tweede koningin het 'n modderige aankoms op die berg gehad. • Die gesin het 'n spesiale ete vir Hanna se verjaarsdag voorberei. • Die eerste koningin het gaan werk as 'n gaskunstenaar in 'n TV-reeks in Johannesburg. • Gavin het 'n diskodans op die kombuistafel uitgevoer. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)	1 1 1 1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.11	<p>Dit beteken dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hanna vir altyd lief gaan wees vir haar sussie. • Hanna altyd daar sal wees vir haar sussie. • sy haar sussie in alles sal help en bystaan sover sy kan. • hulle altyd vir mekaar sal sorg. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.12	<p>Die gesin het gedink ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • sy was nou deel van die familie/nie meer 'n buitestaander nie. • dat sy nie werklik so gemaksugtig/lui is as wat sy voorgegee het nie. • dat sy 'n sterk vrou/heldin was. • haar ware karakter het nou eers gewys/sy is iemand wat aksie kan neem wanneer dit nodig is. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.13	<p>Mana was ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n eksentrieke/ongewone mens. • iemand wat haar eie reëls/gedagtes/idees gevolg het. • nie iemand wat voorgesê wou word nie. • iemand wat uniekheid waardeer. • iemand wat dit geniet om anders te wees/glo dit is sleg vir 'n mens se gesondheid om normaal te wees. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.14	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • eerder by my sussie wou wees. • deel wou wees van die vreugde. • daar wou wees vir my pa. • vir my ma wou dankie sê omdat sy gehelp het met die geboorte. • tyd saam met Mana wou deurbring. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.15	<ul style="list-style-type: none"> • Die skrywer noem dat ... <ul style="list-style-type: none"> ○ Tibo sy hemp vir die baba gegee het. ○ Tibo en Amos op die bed is/naby aan Mana en die baba/in Mana se spasie is. ○ Amos gesê het dat dit die bontste baba is wat hy nog gesien het/gelag het oor die bont baba. • Die skrywer gebruik die woorde: "klouter"; "giggel"; "saamdrom" <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.16.1	positiewe	1
2.16.2	<p>As gevolg van Sharon se ouers kon ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Mana en Ditjie/die baba by 'n hospitaal uitkom (om ondersoek te word). • Margot betyds in Johannesburg kom (vir haar werk). • Sharon tyd kry om nog langer saam met Yann te kuier. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.16.2 te verdien.)</p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.17	<p>Gewoonlik ...</p> <ul style="list-style-type: none"> was Mana se hare deurmekaar/was daar verfkwaste in Mana se hare/was daar iewers 'n blerts verf in haar hare. het Mana vreemde klere aangehad/het sy klere/kleure gedra wat nie bymekaar pas nie/het sy klere met helder kleure gedra. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>Hier ...</p> <ul style="list-style-type: none"> was Mana se hare netjies gevleg/was daar net hier en daar 'n krul wat uit haar vlegsels ontsnap het/was daar geen verfkwas/potlood in haar hare nie. het sy Beyers se geruite pajamapak gedra. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
2.18	A/familiebande	1
2.19.1	<p>Hanna het besef dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> elkeen in haar gesin 'n rol het om te speel. Yann se houding eintlik net 'n skans is (omdat hy seer het). Amos en Tibo net aanvaar wil word/net wil voel dat hulle iewers behoort. almal eintlik verlore op hul eie sou wees/hulle almal mekaar nodig het. families tyd saam moet deurbring om mekaar beter te leer ken/te kan verstaan/te aanvaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.19.2	<p>Hanna het besef dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> sy nie nodig het om snaakse stories op te maak nie. haar gesin genoeg materiaal verskaf vir haar om oor te kan skryf. sy net haarself moet wees/nie 'n alter-ego nodig het nie. haar gesin ongelooflik genoeg is om enige tipe roman oor te kan skryf. sy nou 'n doel het om te skryf (Margot se aanmoediging). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.20	<p>Ek leer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> ek my gesin/familie 'n kans moet gee. 'n mens soms die minste moet wees in sekere situasies. ek dankbaar moet wees vir wat ek het. daar goeie en slegte tye in mense se lewens kom. 'n mens afgesonder en eensaam raak as jy probeer wees wie jy nie is nie. jy die foute wat jy gemaak het, moet aanvaar. eerlikheid beter is as om voor te gee. jy daar moet wees vir die mense wat jou die nodigste het. jy nie mense moet oordeel op grond van wat ander mense van hulle sê/dink nie. jy saam moet werk as daar 'n krisissituasie is. almal verskillend optree in moeilike situasies. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

		[35]
--	--	-------------

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1.1	'n boek/navorsing (Enige EEN)	1
3.1.2	Salamanderbaai	1
3.1.3	(Oom) Matthys (Langhans)	1
3.1.4	drie/3	1
3.2	Dit het haar laat terugdink aan die dag toe haar seun/Ronnie en man/Vincent dood is/toe haar huis afgebrand het/toe sy alles verloor het waarvoor sy lief was/aan al die trauma in haar lewe/hele lewe verander het/verwoes is. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.3	Ryna kon ... <ul style="list-style-type: none"> • aan Jacob verduidelik wie Ronnie en Vincent was. • verduidelik wat in die Kaap gebeur het/wat die eintlike rede is vir haar skuif na Salamanderbaai/Meeuland. • vertel dat sy eintlik Camilla Calvin is. • die waarheid oor haar verlede konfronteer. OF Jacob kon ... <ul style="list-style-type: none"> • begrip vir Ryna se pyn kry. • haar help om gesond te word. • Ryna beter verstaan. • simpatie met haar hê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.4.1	onrealisties	1
3.4.2	Dit is onrealisties, want ... <ul style="list-style-type: none"> • pyn is nie aan 'n spesifieke plek gekoppel nie. • die pyn wat 'n mens opgedoen het, leef saam met jou, selfs op Meeuland. • die pyn kan op enige plek/tyd weer sy kop uitsteek. • 'n mens kan nie weghardloop van die pyn van die verlede nie. • 'n insident roep al jou pyn weer op. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.4.2 te verdien.)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.5	<p>Op Meeuland ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was die brand klein/slegs in een kamer. • het sy vinnig besef dat daar gevaar is. • was sy alleen by die huis. • kon sy hulp kry om die brand te blus/het Jacob haar dadelik gehelp. • was die brand nie opsetlik veroorsaak nie. • het niemand in die brand gesterf nie. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p> <p>In die brand waaraan sy gedink het, ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was die meeste van die huis aan die brand toe sy daar aangekom het. • was dit te laat vir haar om die brand te blus/hulp te kry. • was haar man (Vincent) en haar seun (Ronnie) in die brand/huis. • is die brand opsetlik deur Vincent/Skalla begin. • het haar man en haar seun verbrand. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	2
3.6.1	B/... het vir Ryna gehelp om haar blyplek op Meeuland reg te maak.	1
3.6.2	D/... was verlief op Ryna, maar het haar nie gedwing om sy liefde te aanvaar nie.	1
3.6.3	C/... het belowe om saam met Ryna en nog 'n ander persoon die geheim oor wie Janka se pa is te bewaar.	1
3.6.4	E/... het saam met Ryna Janka se terapie sessies bygewoon.	1
3.7	D/... die instink om jou geliefdes te beskerm.	1
3.8	<p>Mense wat trauma ervaar, ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • ontsnap nooit werklik uit dit wat hulle deurgemaak het nie. • kan maklik terugval in die gebeure wat hulle trauma veroorsaak het. • herleef soms dit wat met hulle gebeur het as iets hulle daaraan herinner. • vergeet nie maklik wat met hulle gebeur het nie. • sukkel soms om aan te beweeg van dit wat hulle trauma veroorsaak het. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
3.9.1	In haar huis in die Kaap/waar sy, Vincent en Ronnie gebly het. <i>(Enige EEN)</i>	1
3.9.2	Skalla/Schalk (Blankenberg) <i>(Enige EEN)</i>	1
3.10	<ul style="list-style-type: none"> • Ryna se boek is klaar en sy het drie maande op Meeuland oor. • Ryna gaan woon by Doreen Bindeman-hulle. • Elsabet vaar na Meeuland op die Shiela Song 2 en verdrink. • Janka wag vir Kersvader en word raakgeskiet. <p><i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i></p>	1 1 1 1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.11	Ousanna was bewus ... <ul style="list-style-type: none"> • daarvan dat Skalla wou gehad het Reggie moet kreek vir hom stoor. • van Skalla se betrokkenheid by Langhans se rooi koekies. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.12	B/nie geweet het wie nou regtig die waarheid praat nie.	1
3.13	Ek sou ... <ul style="list-style-type: none"> • die waarheid gepraat het/die polisie gehelp het. • geweet het dat Ousanna die waarheid weet en nie teen haar gaan nie/na Ousanna geluister het. • vir my broer gesê het om met die waarheid uit te kom/my broer uitgelewer het en hom daarna probeer help het. • alles wat ek van Skalla geweet het met die sersant deel. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.14.1	onheil	1
3.14.2	Ousanna het... <ul style="list-style-type: none"> • Sheila se selfdood voorspel. • Elsabet se verdrinking sien kom. • gesien dat daar trane rondom Janka gaan wees/die geheim van Janka geken. • Doreen se ontrouheid gesien. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.14.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.14.2 te verdien.)</i>	1
3.15.1	vergelyking	1
3.15.2	<ul style="list-style-type: none"> • Ousanna is blind, maar kon tog die verlede en die toekoms "sien". • Ousanna se gawe om te kan "sien" sonder haar oë/te weet wat nog gaan gebeur in die toekoms. • Al kan Ousanna nie sien nie, kon sy steeds voorspel wat met Skalla gaan gebeur. • Al is Ousanna fisies blind, word die kyk in haar oë vergelyk met iemand wat tog alles sien. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.16	Skalla ... <ul style="list-style-type: none"> • se slegte dinge gaan hom inhaal. • se verkeerde dade gaan sy dood veroorsaak. • gaan nie meer kan wegkom van sy donker verlede/verkeerde dade nie. • gaan doodgaan. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.17	<p>Die skrywer noem dat Ousanna ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • angstigheid beleef het oor wat met Skalla gaan gebeur. • lief was vir Skalla/vir hom omgee het/bekommerd was oor wat met hom gaan gebeur/geweet het sy kan nie sy dood keer nie. • geweet het van die hartseer wat Schalkie/Skalla vir Hermanus veroorsaak het. • besef het dat die gebeure wat kom weer vir Hermanus gaan seermaak. • jammer gevoel het vir haar vriend wat nou weer deur trauma gaan moet werk. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
3.18	<p>Billy ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het vir die sersant gesê dat hy hom moet vertrou, maar hy was eintlik 'n onbetroubare mens. • wou nie voor die ander met die sersant praat nie/probeer sy gesprek met die sersant 'n geheim hou/tree agterbaks op. • het sleg van ander gepraat, sodat hy uit die moeilikheid kon bly. • het homself met mooipraterij/slinksheid uit die moeilikheid probeer hou. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
3.19.1	<p>Ryna het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die babatjie by Jannerik geneem en versorg/'n toekoms gegee. • Janka as baba versorg. • tyd saam met Daniel/Donovan deurgebring. • Jannerik/Elsabet onder haar vlerk geneem. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
3.19.2	<p>Ryna het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • heel/gesond geword. • nuwe liefde gevind/'n nuwe familie/nuwe vriende gehad. • mense wat sy kon versorg/na wie sy kon omsien/vir wie sy lief kon wees, ontmoet/sonder geheime geleef. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
3.20	<p>Ek het geleer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • ek mense en hul situasies moet verstaan. • almal op een of ander stadium hulp en bystand nodig het. • dit goed kan wees vir my om ander te help/ek self gesond kan word as ek ander mense bystaan in moeilike situasies. • almal/selfs die sterkste mense iemand nodig het om hulle by te staan. • bystand partykeer al is wat nodig is om mooi vriendskappe/verhoudings te begin. • ek nie nodig het om mense goed te ken/van mense te hou om hulle te help nie. • ek altyd moet uitkyk vir die mense wat voorgee dat hulle die gelukkigste lewe het. • vriendelikheid en omgee 'n mens niks kos nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
		[35]

VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1.1	twaaif/12	1
4.1.2	oorsee/weg (Die kandidaat kan ook spesifieke plekke/lande noem, bv. Londen/Skotland/Japan/Praag/Rusland/ Noorweë wat Lien wou besoek. Let op Engelse name.)	1
4.1.3	Tibbey	1
4.1.4	fancy/mooi/netjies/deftig (Enige EEN)	1
4.2	Lien se pa het ... <ul style="list-style-type: none"> • in die tronk beland. • geld (by die werk) gesteel/verduister/bedrog gepleeg. • sy gesin agtergelaat/gelos om vir hulleself te sorg/hulle in 'n moeilike lewe ingedwing. • hulle weggeruk van/uit 'n gemaklike lewe/hulle in 'n finansiële krisis gedompel. • veroorsaak dat die ma drink/haar werk/inkomste verloor. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.3	D/sy kon die geld kry wat sy vir die gesin nodig gehad het.	1
4.4	Lien se ma het ... <ul style="list-style-type: none"> • die heeltid na klipharde musiek geluister. • nie meer klavier gespeel nie. • soms na musiek geluister met oorfone aan en Lien kon haar dan nie bereik nie. • haar afgesluit van die werklikheid en was daarom afwesig/haar onttrek van die kinders/haar moederlike pligte. • gereeld gedrink. • al haar geld op drank eerder as kos/huur uitgegee/nie vir haar kinders ordentlike kos gegee nie. • later haar werk verloor/veroorzaak dat Lien die ma in die huis moes wees. • Lien heeltid laat wonder of sy by die werk was of nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.5.1	E/... het Lien uitgedaag om meer betrokke by die skoolaktiwiteite te wees.	1
4.5.2	C/... was van die begin af 'n ware steunpilaar in Lien se deurmekaar lewe.	1
4.5.3	A/... het vir Lien uitgewys dat daar verskillende maniere is om geld te verdien.	1
4.5.4	B/... het die inisiatief geneem om 'n mooi vriendskap met Lien te begin.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.6	<p>In hulle woonstel gaan die atmosfeer ...</p> <ul style="list-style-type: none"> gespanne/ongelukkig/hartseer/negatief/stram/somber/koud/liefdeloos/droewig/ongesellig/frustrerend wees. een van alleen-wees/eensaamheid wees. skuldgevoelens bring omdat iemand anders vir hulle gesin moet sorg. een van bekommernis wees oor haar afwesige ma/haar ma se drinkery. een van irritasie wees omdat sy na Brahms moet luister terwyl sy huiswerk doen. een van irritasie wees met Braam wat haar glad nie wil help nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>Die atmosfeer in die ander mense se huise gaan ...</p> <ul style="list-style-type: none"> ontspanne/gelukkig/positief/gemaklik/warm/liefdevol/gesellig/plesierig wees. huislik/ordelik/georganiseerd/volgens plan/roetine wees. een wees van saam dinge doen/lekker dinge doen (bv. televisie kyk)/as gesin saam wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
4.7.1	waardevol	1
4.7.2	<p>Lien het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> Roos se raad ter harte geneem. vir haar nuwe/gemakliker/sagte/ander skoene gaan koop. beseft dat sy by die bedelomgewing moet inpas. langer ure in hierdie skoene kon bedel. gevoel haar voete was nie so seer soos in die ander skoene nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.7.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.7.2 te verdien.) 	1
4.8	<p>Die skrywer ...</p> <ul style="list-style-type: none"> gebruik "en" in plaas van kommas om die skoene in detail te beskryf. beskryf die skoene in detail (deur die goeie kwaliteite daarvan bv. <i>sag, gemaklik, goedkoop</i> uit te lig.) gebruik die "en" om die leser se aandag op die beskrywing van die skoene te fokus. herhaal die woord "skoene". (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.) 	1
4.9	<p>Die vrou het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> Lien as klant in ag geneem. beseft dat sy nog iets vir die dag kon verkoop. vir Lien gehelp, al was sy moeg/haar werksdag verby. Lien gehelp al was dit toemaaktyd/sy besig om die winkel toe te maak. gesien dat Lien onseker was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.10	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die grootmense/mense wat my wou ondersteun om hulp gaan vra het. • hulp by die kerk/Kuifie gaan soek het. • 'n besigheid probeer begin het. • 'n ander werk gesoek het. • los werkies vir mense gedoen het om geld te verdien. • kinders opgepas het. • my ma tot verantwoordelikheid roep. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
4.11	<ul style="list-style-type: none"> • Lien se ma het dronk by die skool opgedaag. • Sproet het Lien by die verkeerslig opgelaai. • Kuifie het Lien by haar bedelplek herken. • Lien het by haar ma in die kliniek gaan kuier. <p>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</p>	1 1 1 1
4.12.1	<ul style="list-style-type: none"> • In die skoolsaal/In Hoërskool Jakaranda se skoolsaal • By Hoërskool Jakaranda • By (Lien se/die) skool/konsert/dramaopvoering/toneelopvoering <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
4.12.2	(Na) Roos se dogter	1
4.13	<ul style="list-style-type: none"> • In die Naspel dra Lien 'n T-hemp waarop daar "...uks Drama" staan. <p>(Verwysend na TUKS drama)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lien het na matriek drama gaan studeer. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
4.14	C/armoede	1
4.15.1	waardeer het	1
4.15.2	<ul style="list-style-type: none"> • Roos het vir Lien goeie raad gegee/baie lesse geleer. • Roos se advies oor die skoene en plakkaat het Lien gehelp met die bedel. • Roos het Johnny (herhaaldelik) van Lien se bedelplek af weggejaag. • Lien kon sien dat Roos ontsteld was dat sy vir 'n ruk nie kom bedel het nie/nie vir haar gesê het dat sy nie meer gaan bedel nie. • Roos het gebruik gemaak van die uitnodiging om Lien se opvoering by te woon./Lien was nie skaam om haar bedelaarsvriende uit te nooi nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.15.2 te verdien.)</p>	1
4.16.1	metafoor	1
4.16.2	<ul style="list-style-type: none"> • Roos het (baie) pienk klere gedra. • Roos se pienk uitrusting lyk soos 'n (baie) pienk malvalekker/<i>marshmallow</i>. • Die pakkie is so pienk dat Lien die pakkie op 'n afstand en in die donker kon raaksien, want dit lyk soos 'n <i>marshmallow</i>. • Dit skep 'n beeld van hoe pienk Roos se uitrusting/klere/pakkie werklik was. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.17	<ul style="list-style-type: none"> • Roos het geweet dat hulle eintlik nou afskeid neem. • Roos was hartseer/het nie geweet wat om te sê nie. • Roos se aksies is tipies van iemand wat eintlik nie emosies wys/weet hoe om haar emosies uit te druk nie. • Dit was Roos se manier van afskeid neem./Roos was altyd kortaf/het min gepraat./Dit was 'n liefdevolle gebaar/gebaar van vriendskap/aanvaarding. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.18	<p>Lien het Valetjie gesien as iemand wat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • nie interessant/belangrik is nie/altyd in die agtergrond/onopvallend/vervelig/droog is/'n kleurlose persoonlikheid het. • nie 'n groot indruk op haar gemaak het nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Fokus op die figuurlike betekenis van die woord binne die konteks van die vraag.)</i>	1
4.19.1	<p>Lien het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • haar ma in die kliniek besoek. • begrip gekry vir haar ma se swaarkry. • haar pa in die tronk besoek. • na haar pa se kant van die bedrogsaak geluister. • haar ouers vergewe. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.19.2	<p>Lien ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het nou 'n kans gehad om meer aandag aan haar skoolwerk te gee (sodat sy matriek goed kon slaag). • sou nie universiteit toe kon gaan as sy aanhou bedel het nie/sou nie haar droom om drama te studeer, kon navolg nie. • se ma het nou weer 'n inkomste gehad/kon nou weer haar verantwoordelikhede self nakom. • het nou weer kans gehad om tyd saam met haar vriende deur te bring/kon fokus op haar verhouding met Hein. • het nou weer 'n positiewe uitkyk op die lewe gehad/weer passie vir die lewe gehad. • het haar besluit om oorsee te gaan, heroorweeg. • was nie meer op straat nie. • en haar gesin is deur die kerk gehelp met hulle finansies/het nie meer nodig gehad om planne te maak vir finansies nie. • kon ander werk doen, soos om kinderoppasser te wees. • was nou veilig en sou nie as prostituut gesien word nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.20	<p>Ek leer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • ek op 'n eerlike manier geld kan maak. • 'n mens soms dinge moet doen wat jy andersins as benede jouself sou ag/jy soms besluite moet maak wat die situasie regverdig. • ek hulp in moeilike situasies moet aanvaar/daar altyd mense is wat jou kan/wil help. • daar goeie en slegte tye in mense se lewens kom. • goeie vriendskappe gevorm kan word as jy om hulp vra/saam met iemand deur moeilike situasies gaan/gedeelde probleme vriendskappe kan vorm. • daar altyd iets is om te doen aan die situasies waarin jy jouself bevind/jy nie op 'n hopenie moet gaan sit en jouself bejammer nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
		[35]

	TOTAAL AFDELING A:	35
--	---------------------------	-----------

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 5: POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	Hannie	1
5.1.2	gesê/aangesê/gedwing/geforceer/opdrag gegee/beveel (Enige EEN)	1
5.1.3	papiere/passe/paste/permitte (Enige EEN)	1
5.1.4	melkery/dairies/melkplaas/fabriek (Enige EEN)	1
5.2	Die regering/wet/munisipaliteit/polisie/weermag/goewerment/owerhede (Enige EEN)	1
5.3	Poppie was met 'n Xhosa(-man)/Stone/'n man van Ciskei getroud. (Enige EEN)	1
5.4.1	bekommerd	1
5.4.2	<p>Poppie was bekommerd ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor die grafte wat sy moes agterlaat. • dat daar niemand gaan wees om die grafte te versorg nie. • oor haar verlede wat sy hier moes agterlaat. • want sy het baie vrae oor alles gevra. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.4.2 te verdien.)</p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.5	<p>Poppie...</p> <ul style="list-style-type: none"> • kon nie na Stone se dood 'n huis in die Kaap kry nie. • moes na Stone se dood alleen vir haar kinders sorg. • moes ver van haar familie af gaan werk. • moes haar dogters van haar af wegstuur. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
5.6	<p>DIE MANS...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was 'n bate vir die gemeenskap. • het baie hard gewerk. • het bygedra tot die bevordering van die gemeenskap. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p> <p>DIE VROUENS ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het nie bygedra tot die bevordering van die gemeenskap nie. • was lui. • het leeg gelê/niks gedoen nie/het nie gewerk nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
5.7.1	dieselfde stappe gevolg het	1
5.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit maak die aksies lewend vir die leser. • Dit laat die leser die situasie emosioneel ervaar. • Dit betrek die leser meer persoonlik/laat die leser kwaad voel oor die onreg/hartelose optrede van die polisie/wek simpatie by die leser. • Die leser kan die angs en vrees van die karakters aanvoel. • Dit dra by tot die spanning/wonder oor wat verder gaan gebeur. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
5.8.1	B/... het Poppie gehelp om haar kinders veilig te hou.	1
5.8.2	E/... het Poppie herinner aan die plan wat God met ons almal het.	1
5.8.3	D/... het Poppie gehelp om meer geld te verdien.	1
5.8.4	A/... het Poppie laat besef hoe magteloos sy is om haar geliefdes te beskerm.	1
5.9	<p>Poppie leer ons dat familie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die mense is wat jou in moeilike tye dra. • daar is vir jou as jy niemand anders het nie. • jou beste belange op die hart dra. • jou sterk hou as jy nie meer kan baklei nie. • jou inneem in hulle huise as jy 'n heenkome soek/nodig het. • mekaar moet ondersteun/versorg/na mekaar moet kyk. • mekaar se gebruike en tradisies moet respekteer. • mekaar moet liefhê, maak nie saak watter foute hulle het nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.10	<ul style="list-style-type: none"> • Poppie het inslaapwerk gekry nadat sy uit Lambertsbaai weg is. • Poppie het goeie werk in Rondebosch gekry. • Poppie en haar kinders het net voor Stone se dood Ciskei toe getrek. • Poppie het Kersfees by haar kinders in Mdantsane gaan kuier. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
5.11	(In) Nyanga	1
5.12	<p>Jakkie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was een van die leiers van die kinders/City-borners wat teen die biersale/ou manier van dinge doen/migrants baklei het. • was deel van die opstande wat in die Kaap aan die gang was. • het verkeerde dinge gedoen wat die gemeenskap/sy familie skade aangedoen het. • het die ou mans/bhuti Plank aangerand omdat hulle gedrink het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
5.13	<p>Die dramaturg gebruik ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • klankeffekte (tromme/geblaas van pype/geskud van krale/aanvalsklanke/stilte) wat die spanning laat opbou. • skoolkinders wat sing, wat die gevoel van gevaar verhoog. • die lig wat oor die verhoog seek na mense/op Jakkie val wanneer hy oorrompel word. • emotiewe woorde/herhaling om die spanning te laat opbou. • kort/korter sinne. • herhaling van woorde soos "stilte" en "daarna". • dubbelpunte en kommapunte. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
5.14	<p>Dit beteken dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die moeilikheid begin het. • die bakleiery/geveg/oorlog begin het. • chaos losgebreek het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
5.15	<p>Die riot squads was veronderstel om ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die riots onder beheer te hou/te stop. • neutraal te bly tydens oproer/riots/nie kant te kies nie. • die vrede te bewaar/mense te beskerm/te verhoed dat mense moet weghardloop/wegkruip om veilig te wees. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
5.16	B/die migrants is deur die sisteem bevoordeel.	1
5.17	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • versigtiger gewees het oor waarby ek betrokke raak. • onthou dat my aksies 'n impak op my familie het. • besef dat opstande tot erger probleme lei. • niks anders doen nie, want opofferinge moet gemaak word as jy verandering wil hê. • nie my suster se kinders/my ma en suster by my probleme betrek nie. 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
	<ul style="list-style-type: none"> nie geweld gebruik het/vir die polisie gevlug het/'n polisieman geskiet het nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	
5.18	D/wanneer mense van mekaar verskil, gebruik hulle geweld.	1
5.19.1	tragiese	1
5.19.2	<ul style="list-style-type: none"> Daar is mense dood in die opstand. Eiendom/besittings is beskadig. Die probleem was nie daarna opgelos nie. Hulle was nie opgewasse teen die migrants nie/het nie 'n kans gehad deur teen die migrants te baklei nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.19.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.19.2 te verdien.) 	1
5.20.1	Poppie het ... <ul style="list-style-type: none"> 'n gelukkige gesinslewe gehad. nie nodig gehad om te werk nie omdat sy by Ma Lena gebly het/Ma Lena se kinders opgepas het. in 'n behoorlike huis (Ma Lena se huis) gewoon. met Stone getrou/'n gelukkige lewe saam met Stone gehad. nie 'n pas nodig gehad (om werk te kan kry) nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
5.20.2	Poppie het ... <ul style="list-style-type: none"> die lewe meer begin bevraagteken. sinies/negatief geraak. begin kla oor dinge wat gebeur het. ou siklusse laat herhaal (Katie moes na haar kinders kyk en skool los). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
5.21	Ek kan leer dat ... <ul style="list-style-type: none"> daar altyd iets is om voor dankbaar te wees. daar altyd mense oor jou pad kom wat jou kan/wil help as jy sukkel. jy jou krag uit jou geloof moet put/ek sekere probleme in God se hande moet los. jou vriende/familie jou kan dra as jy nie meer kans sien vir die lewe nie. jy nie jou standarde moet laat gaan net omdat dinge nie uitwerk soos wat jy gehoop het nie. jy nie altyd alles kan beheer wat om jou aangaan nie. jy moet aanvaar wat jy nie kan verander nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
		[35]

VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.1.1	stasiebestuurder/-meester/ploegbaas (Enige EEN)	1
6.1.2	mans	1
6.1.3	Nollie	1
6.1.4	(sirkus)trein	1
6.2	Willem	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> Willem wou/kon nie praat nie/was stom/was anders as die ander kinders. Hendrik het probeer om sy aandag te kry met die hoop dat hy sou praat. Hendrik was nuuskierig/het nie verstaan hoekom die kind so optree nie/het probeer agterkom waar die fout lê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.4	<ul style="list-style-type: none"> Katrien het geweet wat Hendrik doen/dat Hendrik iets verkeerd doen sonder om eers op te kyk/om te kyk. Hendrik was gereeld besig om aan Willem te karring/na Willem te staar/kyk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)	1
6.5	C/Hendrik te veel op Willem se probleem fokus.	1
6.6.1	stem ooreen	1
6.6.2	<ul style="list-style-type: none"> Hulle verhoudings is so dor soos die werfie/daar groei niks/dit is nie positief nie. Hulle verhoudings is kaal/sonder liefdesbetoning/wys nie dat hulle vir mekaar omgee nie. Daar is gereeld harde woorde tussen die gesinslede. Hulle praat min met mekaar/is eensaam (kaal). Hulle familieverhoudings laat nie toe dat daar groei kan plaasvind nie, net soos die klipharde kaal werfie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.6.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.6.2 te verdien.)	1
6.7	Vir Willem was dit dan tyd om ... <ul style="list-style-type: none"> sy pa te gaan groet voordat die bus opdaag. uit te beweeg om die bus te haal. gereed te wees om skool toe te gaan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.8	<p>KATRIEN ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het sagkens/liefdevol met Willem gewerk. • was geduldig met Willem. • het Willem se situasie verstaan. • het Willem nie gedruk om te praat nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>HENDRIK ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was hard/ongeduldig/onsensitief met Willem. • het probeer om sy stomheid uit hom uit te raas. • het probeer om woorde uit Willem te forseer. • het aangehou om vir Willem vrae te vra/te druk om met hom te praat. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
6.9.1	saam met die trein weg te kan gaan.	1
6.9.2	<p>Katrien ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het na 'n ander lewe verlang. • was nie gelukkig nie. • wou uit haar omstandighede ontvlug. • het vasgevang gevoel in 'n huwelik wat haar nie gelukkig maak nie. • het alleen/eensaam/afgesonder van die samelewing gevoel. • was moeg vir die klein/afgesonderde stasie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.9.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.9.2 te verdien.) 	1
6.10	<p>Katrien het...</p> <ul style="list-style-type: none"> • geweet dat Hendrik dit verwag (dat Willem hom sal groet). • gehoop dat dit die vrede tussen pa en seun sal bewaar. • gehoop dat dit die verhouding tussen pa en seun sal verbeter. • geglo aan goeie maniere/opvoeding/respek vir jou ouers. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.11	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • my jaloesie in toom hou sodat dit nie my gesin benadeel nie. • my vrou vertrou het. • 'n beter band met my vrou gebou het sodat ek nie agterdogtig hoef te wees nie. • aandag aan my vrou se belange gegee het sodat sy gelukkig sou wees. • seker maak dat my verhouding met my vrou gesond is. • seker maak dat die mans op die dorp/Frans weet dat hulle/sy aandag aan my vrou onvanpas is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.12	<ul style="list-style-type: none"> • Hendrik en Katrien het oor die oorbelle baklei. • Willem het die nag op die stoep geslaap. • Hendrik en die polisie het gesien wat alles in die skuur was. • Die dominee het met Hendrik en Katrien gaan praat. 	1 1 1 1

<i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i>		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.13	(In die) kerk	1
6.14.1	toneelaanwysings	1
6.14.2	<ul style="list-style-type: none"> Dit dui die aksies van die nar aan (soos hy in die kerk inkom). Dit beskryf die dominee/gemeentelede se reaksies as hulle die nar sien. Dit verduidelik vir die spelers hoe hulle die toneel moet speel. Dit verduidelik vir die leser wat op die verhoog gebeur. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
6.15	Die dominee het (heeltemal) vergeet wat hy wou sê/deurmekaar geraak/oor sy woorde gestruikel (omdat hy ontsteld/ontsenu/omgekrap/kwaad/verward was.) <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
6.16	C/onverdraagsaamheid	1
6.17.1	E/... was een van die redes waarom Hendrik weer jaloers was.	1
6.17.2	C/... het skinderstories oor die McDonalds op die dorp vertel.	1
6.17.3	A/... het nie sy plig teenoor die McDonalds nagekom nie.	1
6.17.4	B/... het die verhouding tussen die McDonalds en die dorpsmense probeer herstel.	1
6.18	Broer Bothma ... <ul style="list-style-type: none"> opponeer nie die dominee nie/doen wat die dominee vir hom gesê het om te doen. aanvaar die gesag van die dominee/voer die dominee se opdrag uit. is huiwerig om die nar uit die kerk te jaag. is onseker of dit die regte ding was om die nar weg te jaag omdat almal welkom behoort te wees in die kerk. veroorzaak nie nog konflik/ongelukkigheid nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
6.19	Die dramaturg ... <ul style="list-style-type: none"> laat die dominee se hele preek oor die saak gaan. fokus op/brei uit oor die waarheid wat gesien en gehoor moet word. herhaal dieselfde gedagtes oor en oor. laat die dominee "ons" in sy preek gebruik wat die dominee en die gemeenskap insluit. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.20.1	<p>Hendrik was ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • baie kwaad toe daar 'n trein, sonder sy wete, op sy stasie beland het. • ongelukkig oor/ongeduldig met Willem wat nie wou praat nie. • kwaad omdat Katrien sonder sy wete geld op oorkrabbers uitgegee het. • jaloers oor Frans wat gereeld by die huis aangekom het as hy by die stasie was. • vies vir Emma omdat sy nie vir Nollie 'n kans wou gee nie. • ongelukkig omdat Katrien en Emma nie meer klavier gespeel het nie. • oorbluf toe hy die tekeninge en toorgoed in die skuur sien en hy niks daarvan geweet het nie/nie geweet het dat Manuel daar woon nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
6.20.2	<p>Hendrik het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • vir Emma belowe dat hulle van nou af oor belangrike dinge sou praat/nie sou stilbly as daar probleme is nie. • meer verdraagsaam teenoor Willem begin optree/vir Willem gesê dat hy trots is op hom/dat sy kop nie plat is nie. • besef dat sy jaloesie op Katrien onnodig was/haar weer begin raaksien/haar gekomplimenteer/waardeer. • meer verdraagsaam teenoor die dorpsmense/Frans opgetree. • aanvaar dat Emma en Nollie self by mekaar sou uitkom sonder dat hy inmeng/die jongmense hul eie pad moes loop. • meer aandag aan sy familie en hul behoeftes begin gee. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
6.21	<p>Ek leer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • jy met geduld en mooi werk meer kan regkry as met geweld en geraas. • jy dinge moet bevraagteken wat nie reg is nie/nie werk nie. • jy moet help waar jy sien hulp nodig is. • jy soms moeilike keuses moet maak/jou eie vrese moet oorkom ter wille van ander. • dit soms beter is om te lag as om te huil/jy die positiewe in 'n saak moet raaksien/jy nie op die negatiewe moet fokus nie. • jy mense moet aanmoedig om te praat oor dit wat hulle pla/leer om te kommunikeer. • jy moet probeer om vir mense 'n veilige omgewing te skep. • jy jou droom moet volg al bring dit vir ander hartseer. • jy vir ander mense moet kan gee. • as jy omgee vir ander kom dit na jou toe terug. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	Van Rooyens	1
7.1.2	aanneem-/hans-/optel-/wit (Enige EEN)	1
7.1.3	nege/9	1
7.1.4	Knysna/die goewerment/die regering	1
7.2	(Op) Wolwekraal/Fiela se plaas	1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> Benjamin het ... <ul style="list-style-type: none"> haar instruksies geïgnoreer/nie geluister na wat Fiela vir hom gesê het nie. homself in gevaar gestel deur voor die volstruis te hardloop. Fiela was bang die volstruis sou hom doodskop/hy kry seer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.) 	1
7.4	<p>FIELA ...</p> <ul style="list-style-type: none"> was 'n sterk karakter. het die leiding (op die plaas) geneem. het besluit wat gedoen word. het besluit oor die pryse van die produkte. was 'n streng/kwaai/bekommerde ma. het hard/aanhoudend gepraat/was besig. wou die kinders op haar manier grootmaak. het gedink Benjamin was ongehoorsaam. het op die volstruis-aktiwiteit gefokus. wou haar kind teen seerkry beskerm. was 'n ekstrovert. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>SELLING ...</p> <ul style="list-style-type: none"> was meer op die agtergrond/stil/teruggetrokke/rustiger. het Fiela se leiding aanvaar/eerder gevolg. het haar besluite aanvaar. was nie so 'n streng ouer nie/was 'n rustige pa. het die kinders se persoonlikhede aanvaar. het gedink Benjamin wys karakter/leierseienskappe/is oplettend. het op die perdekar gefokus. het geglo Benjamin gaan nie seerkry nie. was 'n introvert. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Logiese verskil tussen TWEE karakters moet duidelik wees vir 2 punte.) 	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.5.1	positiewe	1
7.5.2	<ul style="list-style-type: none"> Hoe meer vere/volstruise/velle/skoene/produkte hulle kan verkoop, hoe meer geld gaan hulle maak. Hulle bestaan hang daarvan af om produkte te verkoop. Hulle boer met volstruise./Volstruise is hulle (hoof)bron van inkomste. Die smouse kom na hulle toe. Hulle hoef nie agter hulle aan te ry nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.5.2 te verdien. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)</i>	1
7.6	<ul style="list-style-type: none"> Pollie Die nuwe volstruis wat Fiela gekoop het/wat die kinders aanjaag. volstruiswyfie <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.7	<ul style="list-style-type: none"> Die valk wat die kuiken gevang het, verteenwoordig die sensusmanne/wet/magistraat (wat Benjamin van haar gaan wegvat). Die valk voorspel onheil/gevaar. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.8.1	opgewondenheid en afwagting	1
7.8.2	<ul style="list-style-type: none"> Almal was opgewonde oor die nuwe volstruis/volstruiskuiens. Ons hoor hoe die kinders die volstruis aanjaag. Fiela was tevrede met die volstruis wat sy gekoop het/daar aangekom het. Niemand weet waarom die perdekar daar rondry nie/wie in die perdekar is nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.8.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.8.2 te verdien.)</i>	1
7.9	<p>Die dramaturg laat Selling ...</p> <ul style="list-style-type: none"> pertinent sê dat dit 'n vreemde kar is/dat die kar al heelweek in die kloof is. drie keer na die perdekar verwys. elke keer noem dat die perdekar wil uitdraai/nader kom. elke keer vir Fiela in die rede val deur na die kar te verwys. Fiela se aandag daarop vestig dat die vreemde kar opgedraai het na hulle huis toe. <p>Die dramaturg laat Fiela ...</p> <ul style="list-style-type: none"> aannames maak oor wie in die (perde)kar is. dadelik iemand aan die (perde)kar koppel. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.10	<ul style="list-style-type: none"> • Fiela kon nie die kind aan sy eie lot oorlaat nie. • Fiela het probeer uitvind wie se kind dit was, sonder sukses. • Fiela het geglo die kind is deur God gestuur. • Fiela het geglo dat die ma haar gekies het om na hom te kyk. • Niemand anders was bekommerd oor die kind/het na die kind uitgevra/gesoek nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.11	<p>Fiela het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • hard gewerk vir haar gesin/voorsiening gemaak vir haar kinders se toekoms/haar kinders geleer om hard te werk. • vir Benjamin vyf sjielings gegee om te wys hulle is nie arm(gatte) nie. • seker gemaak haar kinders is opgevoed/het skool toe gegaan/het hulle deel in en om die huis gedoen. • het nie haar kinders bederf nie/was streng met haar kinders. • haar kinders van die Bybel geleer. • alles gedoen wat sy kon om Benjamin terug te kry. • gesorg dat haar kinders kon boer/grond gehad het. • gesorg dat Selling besig bly met die maak van skoene/brei van dasvelle/maak van karwatse. • gesorg dat hulle goedgeklee/gevoed was. • haar kinders toegelaat om kind te wees. • het die wit kind, wat nie hare was nie, met liefde versorg. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.12	<ul style="list-style-type: none"> • Die bosvrou het gesê Benjamin is Lukas van Rooyen. • Die magistraat het Benjamin Bos toe gestuur. • Benjamin het probeer wegloop. • Fiela het Benjamin se goed vir hom Bos toe gevat. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
7.13.1	metafoor	1
7.13.2	<p>ongelukkigheid/hartseer/woede/frustrasie/ontsteltenis/onsekerheid/vrees/ontevredenheid/vasgevangenskap/hunkering na vryheid/bitterheid/verlange/hoop/desperaatheid/moedeloosheid</p> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.14	<p>Lukas het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • vir die eerste keer die see gesien/die skip by Noetzie gesien. • besef dat hy eintlik op die see wou werk/nie in die Bos wou wees nie. • besluit dat hy vir homself 'n lewe buite die Bos/weg van Elias af wou maak. • vryheid van Elias/die Bos gekry. • vir die eerste keer self oor sy lewe besluit/beheer oor sy eie lewe geneem. • Armstrong/John Benn/Kaliel ontmoet. • by/op die see gewerk. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.15	B/hy Elias se opdragte uitgevoer het.	1
7.16	Nina het ... <ul style="list-style-type: none"> wegge loop van hierdie werk/mense af. op ander plekke gaan werk/by Miss Weatherbury gaan werk. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.17	C/uitbuiting van kinders	1
7.18	Ek sou ... <ul style="list-style-type: none"> die kans gevat het om saam met Nina weg te gaan. gekeer het dat Elias haar geld vat. haar op 'n veilige plek weggesteek het. vir haar sê om teen haar pa/Elias op te staan. haar gelos het om te doen wat haar gelukkig maak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.19.1	E/... het vir Benjamin leer lees en skryf.	1
7.19.2	A/... het seker gemaak dat Lukas van sy broer se dood gehoor het.	1
7.19.3	C/... het vir Lukas 'n heenkome gebied buite die Bos.	1
7.19.4	B/... het vir Lukas die kans gegee om sy droom te bewaarheid om op die see te werk.	1
7.20.1	Benjamin ... <ul style="list-style-type: none"> was goed versorg/het alles gehad wat hy nodig gehad het/was grootgemaak soos Fiela se eie kind. het in 'n liefdevolle huis grootgeword/broers en susters gehad met wie hy kon speel/en sy broers en susters het saam gelag en mekaar geterg. het die vryheid gehad om in die oopte te speel/kind te wees/met diere om te gaan/met sy skuitjie op die dam te speel. het die geleentheid gehad om te leer lees en somme maak. het probeer wegloop uit die Bos om terug te gaan na Fiela-hulle toe/was bereid om 5 sjelings weg te gee om by Fiela uit te kom. het herhaaldelik vir die magistraat gesê dat hy Fiela se kind is. is nie mishandel/geslaan nie. het nie nodig gehad om harde/onbillike werk te doen/balke te saag nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.20.2	<p>Omdat hy weggevat is, ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • kon hy sy ware identiteit ontdek/self die keuse maak van wie hy wil wees. • kon hy op die see werk soos hy wou. • het hy Nina ontmoet/die liefde van sy lewe leer ken. • het hy die lewe buite die Lange Kloof en die Bos leer ken. • het hy die waarde van familie leer ken/besef dat familie die mense is wat vir jou omgee. • het hy met die lelik van die mensdom in aanraking gekom en besef dat dit verkeerd is. (bv. die vooroordeel van die sensusmanne en die magistraat/Elias se hantering van sy vrou en kinders/manipulering van die wet deur leuens te vertel/rasseskeiding/verskille.) • het hy geleer om moeilike situasies (soos sy lewe in die Bos) te hanteer. • het hy geleer om aanpasbaar te wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.21	<p>Ek leer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • daar altyd iets is om voor dankbaar te wees. • daar altyd iets goeds uit slegte situasies kan kom. • 'n positiewe houding jou deur moeilike situasies kan dra. • jy nie jou drome moet prysgee nie. • respek help om moeilike situasies te ontlont (soos met Kaniel en Elias). • ek moet luister na die raad van mense wat vir my omgee (bv. die raad wat Fiela vir hom gegee het oor Nina). • ek moet doen wat my hart vir my sê. • familie jou anker is as dinge moeilik raak. • ek dinge moet aanvaar wat ek nie kan verander nie. • ek moet vashou aan my geloof en opvoeding. • ek my kop hoog moet hou/trots moet wees op wie ek is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
		[35]
	TOTAAL AFDELING B:	35

AFDELING C: KORTVERHALE**VRAAG 8: SPIEËLBEELDE****8.1 "TWO-STEP IN DIE MOEDERSTAD" – Mioné du Toit**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
8.1.1 (a)	Marie	1
8.1.1 (b)	(outydse) spieël/geblaaste glas (Enige EEN)	1
8.1.1 (c)	gesing	1
8.1.1 (d)	museum	1
8.1.2	Hulle ... <ul style="list-style-type: none"> was dronk. het sterk drank/alkohol/wyn gedrink. was gesuip. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
8.1.3 (a)	het nie regtig belanggestel nie.	1
8.1.3 (b)	Hulle ... <ul style="list-style-type: none"> het verdriet/hartseer ervaar. het nie geweet hoe om die groot hartseer in hulle lewens te hanteer nie/het net op die hartseer in hulle lewe gefokus. het hulle lewensvreugde/plesier/lus vir die lewe verloor/net probeer om die vreugde van die verlede te herskep. was nie meer so gelukkig soos wat hulle voorheen was nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.1.3 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.1.3 (b) te verdien. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)	1
8.1.4 (a)	C/Die ou blyheid dat hulle iets spesiaals kon koop, was weg.	1
8.1.4 (b)	E/Die musiek het stil geword.	1
8.1.4 (c)	A/Die geliefde rakke het nie soos altyd die vrou se aandag getrek nie.	1
8.1.4 (d)	B/Die sterre het nie die hartseer minder gemaak nie.	1
8.1.5	C/Dit laat die leser oor en oor lees om na die rede te soek.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
--------------	-----------------	-------------

8.1.6	<p>Die eerste paartjie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • is ryk. • het in duur winkels rondgeloop. • het duur meubels/'n Vlaamse buffet in hulle huis gehad. • kon duur kitaarsnare/<i>Konzertsaiten</i> uit Oostenryk bekostig. • kon waardevolle boeke koop. • het in 'n vakansiehuis in die Kaap gewoon. • het met kredietkaarte betaal. • se vrou het 'n <i>smart</i> handsak gehad. • het duur reënjasse gedra. <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</p> <p>Die tweede paartjie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • is arm. <p>Die tweede paartjie kom armoedig voor, want ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vrou se skoene was sleg uitgetrap. • die vrou se gesig was oormaer. • die man se baadjie was toingrig. • die man het nie tande in sy mond nie. • hulle loop stasie toe. <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</p>	2
8.1.7	<p>Die arm paartjie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het aanhou sing. • het saam in die straat gedans/dans-dans stasie toe geloop. • het hul wyn/drank geniet. • was gelukkig/gesellig. • het 'n idee van samesyn geskep/mekaar in hulle verdriet ondersteun. • was gewoond aan die hardheid van die lewe. • het besef dat daar meer aan die lewe is as fisiese rykdom. • het die positiewe in situasies raakgesien. • het oor alles met mekaar gepraat. <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</p>	1
8.1.8	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • sielkundige hulp gekry het/'n berader gaan sien het/met iemand daarvoor gaan praat het. • met my huweliksmaat oor my/ons verlies gepraat het. • my geld gebruik het om dinge te doen waarvan ek/ons hou, bv. na snaakse flieks gaan kyk/oorsee gaan reis. • baie saam met my/ons vriende gekuier/onthaal het. <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</p>	1
8.1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Die verhaal speel in die Kaap af. • Dit maak die verhaal en die karakters meer geloofwaardig. • Dit is eie aan die karakter van die arm paartjie/Kaapse paartjie. • Sommige mense in die Kaap praat op hierdie manier. <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</p>	1

8.2 " 'N HULPELOSE SAMARITAAN" – TT Cloete

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
8.2.1	<ul style="list-style-type: none"> Hans het die beseerde ou man hospitaal toe gevat. Hans het teruggegaan na die plek toe waar sy honde agtergebly het. Hans kon nie sy honde kry nie. Hans het 'n berig oor sy vermiste honde in die koerant geplaas. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.) 	1 1 1 1
8.2.2 (a)	By Hans se huis	1
8.2.2 (b)	<ul style="list-style-type: none"> Die beseerde fietsryer/ou man. Die dronk man wat langs die pad gelê het. Die vreemdeling wat hy gehelp het. Die man wat hy hospitaal toe geneem het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
8.2.3 (a)	vergelyking	1
8.2.3 (b)	<ul style="list-style-type: none"> Dit dui op die (wrede) manier waarop die honde die skape doodgebyt het. Die honde het die skape doodgebyt, maar hulle nie gevreet nie. Die honde het die skape sonder rede doodgebyt. Die honde was so wreed soos rooikatte. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
8.2.4	<ul style="list-style-type: none"> Dit is die belangrikste vraag wat hy wou vra/dit is wat hy eintlik wou weet. Dit is die vraag oor waar sy honde is/wat met sy honde gebeur het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
8.2.5	<p>Hans ...</p> <ul style="list-style-type: none"> moes vir die boer se skape/skade betaal. het groot finansiële verlies gely. moes duur betaal ongeag sy goeie daad. het sy (duur/opregte) honde verloor. het in die moeilikheid beland as gevolg van die dronk man. moes sy (duur) honde op 'n vreemde plek agterlaat. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
8.2.6	<p>Hans het die man afgelaai waar hulle die honde die laaste keer gesien het/weer langs die pad afgelaai/waar hy hom gekry het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
8.2.7 (a)	onredelik	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
-------	----------	------

8.2.7 (b)	<ul style="list-style-type: none"> Hans het aan die boer verduidelik dat hy 'n goeie daad gedoen het/nie 'n keuse gehad het nie. Hans het gevoel dat die boer meer begrip vir die situasie kon toon/dat die boer die uitgawes met hom kon deel. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.2.7 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.2.7 (b) te verdien.)</i></p>	1
8.2.8	B/goeie daade wat nie erken word nie.	1
8.2.9	<p>Die skrywer ...</p> <ul style="list-style-type: none"> beskryf die ou man as dronk/'n dronkaard. wys uit dat die ou man nie so seergekry het as wat hy voorgegee het nie. wys uit dat die ongeluk deels die ou man se skuld was. fokus op die feit dat die ou man Hans emosioneel gemanipuleer het/op sy gevoel gespeel het/hom skuldig laat voel het. wys hoe 'n goeie Samaritaan 'n hoë prys vir sy goeie daad moet betaal. fokus op die man wat nie Hans se kommer oor sy honde verstaan nie. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
8.2.10 (a)	<p>Hans ...</p> <ul style="list-style-type: none"> was 'n weldoener/wou help waar hy kon. was barmhartig teenoor mense/het omgee vir mense. het omgee vir diere/honde. het lank gevat om oor iets te besluit. was bedagsaam/verantwoordelik. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
8.2.10 (b)	<p>Hans ...</p> <ul style="list-style-type: none"> het besef dat jy self skade kan ly as jy iemand probeer help. het besef dat jou goeie daade jou in die moeilikheid kan laat beland. het besef dat goeie daade dikwels 'n (groot) prys het. het besef dat nie almal jou goeie daade waardeer nie. sal dalk nie weer mense in nood help nie. sal twee keer dink voordat hy weer iemand help/wonder wat dit hom sal kos voordat hy iemand help. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
-------	----------	------

8.2.11	<p>Ek leer dat mense ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • net vir hulleself/hulle eie bates omgee. • selfsugtig is/nie kompromieë wil aangaan nie. • iemand sal misbruik/manipuleer vir hulle eie voordeel. • nie die waarheid sal vertel as hulle in die moeilikheid kan beland daaroor nie. • harteloos kan wees/nie ander in nood sal help nie/nie oor ander se verliese/opofferings omgee nie. • nie na ander se verduidelikings luister nie. • nie maklik verander nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
		[35]

	TOTAAL AFDELING C:	35
--	---------------------------	-----------

AFDELING D: GEDIGTE**VRAAG 9: VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL****9.1 "DIE HEKS VAN HEXRIVIER" – Philip Nel**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.1.1 (a)	Elize/van Drakenstein/met die lieflike oë	1
9.1.1 (b)	disa/blom	1
9.1.1 (c)	berghang(e)/krans(e)/rotswand(e) (Enige EEN)	1
9.1.1 (d)	voet	1
9.1.2	Drakenstein/Hexrivier(gebied)/Wes-Kaap/Kaap/Matroosberge (Enige EEN)	1
9.1.3	"Die lig in haar oë" (Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)	1
9.1.4	paarrym	1
9.1.5 (a)	sukksesvol	1
9.1.5 (b)	"met 'n disa in sy hand is sy liggaam gekry." (Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie. Die antwoord op VRAAG 9.1.5 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 9.1.5 (b) te verdien.)	1
9.1.6	"lankal" (Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)	1
9.1.7	onder op rotse/op die rotse	1
9.1.8	Personifikasie	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
-------	----------	------

9.1.9	Die winde wat huil sluit aan by Elize se hartseer/wat huil oor haar verlies/skuldgevoel oor die "jonkman"/jongman/man wat gesterf het./Dit verpersoonlik Elize se hartseer. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
9.1.10	<ul style="list-style-type: none"> • Sy roep na hom in die maanlig. • Sy huil nou oor hom as sy op die berg staan. • Die spreker noem dat sy haar hart aan hom belowe het. • Sy word uitgebeeld as 'n eensame vrou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)	1
9.1.11	<p>In <u>reël 6</u> wil die digter die klem/fokus op die "sou" plaas om te sê dat die meisie voorwaardes gestel het aan die jong man/dit 'n vooruitsig was om haar liefde/hart te kry/gee. (Voorwaarde)✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p> <p>In <u>reël 18</u> wil die digter die klem/fokus op die "wou" plaas om te wys dat sy klaar besluit het om haar hart vir die jong man te gee, maar nou was dit te laat/die vooruitsig is weg. (Spyt)✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
9.1.12	<p>Ek leer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • as jy te veel van mense vra, jy dit wat jy wil hê, kan verloor. • as jou eise te hoog is, jy die verloorder kan wees. • jy nie onmoontlike verwagtinge/gevaarlike eise aan ander moet stel nie. • liefde nie aan voorwaardes/bewyse behoort gekoppel te word nie. • as jy mense manipuleer, kry jy dikwels wat jy wil hê, maar selde ten goede/niks goeds kom daaruit nie/dit is selfsugtig. • jy nie selfsugtig/meerderwaardig moet wees nie. • manipulasie baie hartseer kan veroorsaak. • ek nie dinge moet forseer nie, want dit kan ongewenste gevolge hê. • dit verkeerd is om mense na jou wil te manipuleer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

9.2 "HANSWORS" – SJ Pretorius

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.2.1(a)	<ul style="list-style-type: none"> Sy ruggraat was vergroei/skeef/krom. Hy het 'n (afsigtelike) boggel gehad. Ruggraatpyn Sy rug/boggel was seer/rugpyn. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
9.2.1(b)	<p>Die mense het hom ...</p> <ul style="list-style-type: none"> gekoggel/gespot/uitgelag. seergemaak met venynige/lelike woorde. verag/beskinder/verwerp. uitgesluit/verlate/eensaam laat voel/nie as 'n vriend gesien nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
9.2.2	<ul style="list-style-type: none"> Sy klere was gaar/stukkend/gedaan/verslete/oud. Die hanswors het sy geld vir drank gebruik/gereeld na drank geruik. Die hanswors het sy geld vir sy ma gestuur/vir sy ma gesorg. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)</i>	1
9.2.3	<p>Dit suggereer dat hulle nie kan glo dat daar iemand ...</p> <ul style="list-style-type: none"> in sy lewe is nie. is wat vir die hanswors omgee nie. vir hom briewe skryf nie. is vir wie hy briewe skryf nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
9.2.4	<ul style="list-style-type: none"> Die ander mense sou nie omgee as die hanswors bedank nie/ hom as 'n las gesien, ✓ maar die baas het hom beskou as 'n bate/ geldmaker/geldelike voordeel/iemand wat goed is vir die sirkus. ✓ Die ander sirkusmense het hom nie gerespekteer/waardeer nie, ✓ maar die baas het hom gerespekteer/waardeer. ✓ <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)</i>	2
9.2.5	By/tussen die diere (in 'n hoek)/dierkratte/dierehokke	1
9.2.6	<ul style="list-style-type: none"> Dit verwys na die hanswors/klein kabouter se gevaarlike/goeie toertjies/duiwelstreke (wat die mense laat lag). Dit verwys na die hanswors wat ten spyte van pyn/lyding nog mense laat lag/sy werk doen. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)</i>	1
9.2.7	(Met) 'n aap	1
9.2.8	B/dat die ruimte daarna gaan verander	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
-------	----------	------

9.2.9	<p>Die vroujie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het ook 'n boggel/word as 'n "boggelvroujie" beskryf. • is ook klein (soos die hanswors). • het gefluister: "Dankie my kind ..."/die hanswors as haar kind aangespreek. <p>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
9.2.10 (a)	D/Bou momentum op	1
9.2.10 (b)	C/Inversie	1
9.2.10 (c)	A/Alliterasie	1
9.2.11	<ul style="list-style-type: none"> • Dit maak die interaksie tussen die hanswors en die vroujie/sy ma persoonlik. • Dit betrek die leser meer emosioneel by die gebeure./Dit was die ma se laaste woorde. • Dit beantwoord die vraag oor wat die hanswors met sy geld doen/van wie die briewe gekom het. • Dit dra die ma se emosie/gevoel beter oor/dit sê presies hoe sy voel. • Dit bevestig die feit dat die vroujie die hanswors se ma is. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
9.2.12	<p>Ek voel jammer vir die hanswors, want hy het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • fisiese en emosionele pyn beleef, ✓ • maar hy het die sirkusgangers laat lag. ✓ • fisiese pyn beleef, ✓ • maar hy het toertjies gedoen om geld te maak vir die baas. ✓ • verslete klere gedra, ✓ • maar hy het vir sy ma gesorg. ✓ • die gespot en geskinder verduur, ✓ • maar steeds die ander sirkusmense verdra. ✓ • 'n hartseer/eensame lewe gelei ✓ • maar het steeds mense vermaak/laat lag. ✓ • spot/veragting oor sy voorkoms beleef, ✓ • maar het grootliks bygedra tot die sukses van die sirkus. ✓ • min geld gehad, ✓ • maar sorg nog steeds vir sy ma. ✓ <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
		[35]

	TOTAAL AFDELING D:	35
	GROOTTOTAAL:	70